Woodoc Diep Penetrerende Meubelwas Spesifikasieblad

Tipiese Aanwending:
'n Vloeibare binnenshuise onderhoudswas vir aanwending op alle binnenshuise houtwerk. Die produk behandel hout doeltreffend ten spyte van die teenwoordigheid van wasse, olies, vernisse of verseëlaars. **Let wel: Die produk kan houtvloere glad maak. Gebruik dus baie spaarsamig daarop.**

Produkeienskappe:
Woodoc Diep Penetrerende Meubelwas sal meubels en houtwerk beskerm teen strawwe vog en omgewingsveranderinge, soos tydens seisoensveranderinge en terwyl meubels of houtwerk vervoer word.

- Goeie waterwerende eienskappe.
- Bring die natuurlike kleur en grein van die hout na vore.
- Vir gebruik op alle houtsoorte.
- Verleen 'n kenmerkende elegante glans aan hout.
- Geen gevryf of polering nodig nie; smeer die produk eenvoudig aan.
- Nie-giftig wanneer droog.
- Beïnvloed nie lym nie.
- Verenigbaar met die meeste vernisse, verseëlaars of afwerkings.
- Onbeperkte raklewe.
- Volledige gebruiksaanwysings op etiket.

Nr: WDdpfwax/002
Gedateer: 16/11/11
Naam:
Woodoc Diep Penetrerende Meubelwas
Beskrywing:
'n Aansmeeronderhouds- en skoonmaakwas.
Dekking: Hang van aanwending af.
Aanwending:
Met 'n verfkwas of lap.
Droging: Droog tot 'n wasagtige afwerking.
Produkeienskappe:
'n Helder, vloeibare was geformuleer vir maksimale binnedringing.
Was stol en sak uit teen lae temperature.
Digtheid @ 20^0C: 0,75 (water = 1)
Loodvry.
Geen skadelike ontbindingsmateriale nie.
Vlambaar.
Wasinhoud:
Hoog
Behoort nie verdun te word nie.
Verpakking:
375 ml, 1 liter, 5 liter. (20 of 200 liter op versoek by handelaar beskikbaar.

LEES ALTYD DIE AANWYSINGS OP DIE HOUER VOOR AANWENDING. Skud voor gebruik.

VLAMBAAR. Hou buite bereik van kinders. Skadelik indien ingeneem word. Ingestie kan chemiese pneumonitis veroorsaak.

Woodoc®
FOOD FOR WOOD

Vervaardig en bemark deur:
Rekara Mills (Edms.) Bpk.
Posbus 16, Fort Beaufort 5720, Suid-Afrika
Tel. +2746 645 1109 Faks +2746 645 1538